**23 September**

**Skrifgedeelte: Esegiël 33:1-11**
**Fokusgedeelte: Esegiël 33:11**

**Waarom wil jy sterf as jy waarlik kan lewe?!**

Vir die mense van ons tyd is iets soos die ewige dood ’n outydse en ’n onvanpaste begrip. ’n God wat mense vir ewig verdoem, pas nie in in hulle denkraamwerk nie. Daarmee ignoreer hulle egter die harde werklikheid en pas hulle volstruispolitiek toe. Daarom is hulle ook blind vir die genade: Aan elkeen wat hom bekeer, skenk God die ewige lewe!

Deur sy profeet vra die Here vandag nog vir ons: Waarom wil jy (in jou sonde) sterf? As jy jou bekeer, wag die nuwe lewe in Christus vir jou! Die vol lewe. Die ryk lewe. Die ware lewe. Die ewige lewe. Ja, inderdaad: Waarom wil jy sterf as jy waarlik en vir ewig kan lewe? Sien daarom vandag af van jou sondige optrede. Bekeer jou en verlustig jou in die nuwe lewe in Christus, sodat God jou nie hoef te verdoem nie, maar genade aan jou kan betoon!

*Sing: Skrifberyming 33:1, 3*

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*